# DIE EDU-LEAD NUUSBRIEF

HTTP://EDUCATION.NWU.AC.ZA/EDU-LEAD



## GLOBALE ONDERWYS EN NEO-LIBERALISME, OF DIT WAT SARAH GELUKKIG MAAK

AANGEBEID DEUR PROF STEPHEN BALL

Prof. Stephen Ball, bekroonde Professor aan die Universiteit van Londen in die Sosiologie van Onderwys, het by die mees onlangse Edu-Lead Woensdag Sessie op 19 Oktober 2019 ‘n voorlegging aangebied aangaande Globale Onder-wys en die Neo-Liberalistiese beweging. Die maandelikse Edu-Lead Woensdag Sessies bied aan lede ’n geleentheid om relevante en ontluikende tendense in navorsing en die nisarea te debatteer.

Prof. Ball het die fokus geplaas op die ontluikende dryfkrag van die privaat sektor in onderwys, in oorleg met die verskaffing van opvoedkundige tegnologieë deur privaatinstellings. Prof. Ball beweer dat onderwys besig is om weg te beweeg van plaaslike beheer en groter invloede van die privaat sektor in die gesig staar, veral waar die voor-siening van tegnol-ogie en finansies

Prof.Ball hou vol dat ’n versigtige en skeptiese benadering gevolg moet word tesame met in-diepte navorsing oor opvoed-kundige tegnologie en private befondsing, ten einde begrip te bekom in terme van winste en owerheidsbeleide. Die kommersialisering en finansiering van onderwys veroorsaak ’n verskuiwing in die filosofie van opvoed-kundige beleide, waar die laasgenoemde na heterogeniteit beweeg.

Toenemende privaat befondsing en donasies word gevolg deur toene-mende privaat beheer in onderwys. Weens die noodsaak van tegnologie as komponent in onderwys in die 21ste eeu, moet die koste en invloed van die magtige privaatsektor ondersoek en oorweeg word.

## *Edu-Lead kennisgewings/ Datums om te dagboek*

30, 31 Okt & 1 Nov
Edu-Lead Skryf Wegbreek

13 November
Woensdagsessie oor "Gemengde Metode Navorsing" aangebied deur Prof Edmore Mutekwe

NWU® Edu-Lead